VROUEBYBELSTUDIE

Maandag		
PM3	15:00	Corrie van Wyk, DF Malherbestraat 60
Dinsdag		
KB1-5	15:00	Kleintjie Muller, Boekenhoutlaan 32
Sb4	09:30	Anelé van Wyk, Tweedelaan 64
Sa3	15:00	Hester Kersop, Negendestraat 17
PM1	15:00	Dona Brand, Bob Loubserstraat 32
Sa4	15:00	Elize Uytenbogaard, Eerstelaan 116
Bb1-4	15:00	Hesta Smit, Sesdelaan 18
HK3	15:00	Rosemary Greeff, Gladioluslaan 10
Woensdag		
KP	09:30	Kogelparksaal
HK1+2	09:30	Lenie van Wyk, Watsonialaan 3
Ba1-3	10:00	Johanna Hugo, twaalfdelaan 45
Sa1+2	10:00	Lala Nel, Tweedelaan 154
Sc1-4	15:00	Hannatjie du Preez, Vyfdelaan 23
PM2,4,5	15:00	Vida Mitchell, Albertynstraat 29
Sb1-3	15:00	Truida Oberholzer, Tweedelaan 87

BEPLAN JOU SOSIALE LEWE

BYEENKOMS VIR GEMEENTEVROUE

Op Dinsdag 14 Augustus kuier al die gemeente se vroue om 15:00 saam in die kerksaal. Stefni van Dyk is die spreker en gaan op haar kenmerkende energieke wyse praat oor:

Barmhartigheid ken geen grense.

Almal is welkom om lekker te kom kuier om 'n koppie tee.

MET 'N LIED IN DIE HART

Op Vrydag 31 Augustus om 18:30 kan jy teen R75 per persoon 'n ontspannende en verrykende aand saam met Ella en Johan Fourie deurbring. Ella bied dit aan en dit word gehou by Seaview-weg 3074 in Bettysbaai.
'n Beperkte aantal kaartjies is beskikbaar by Riekie (084704412), Erika (0732742894), die kerkkantoor.

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

5 Augustus 2018

Welkom by die Erediens

08:30 Kerksaal - Dr. Chris Malan

09:00 Hangklip - Ds. Steven Sass

09:30 Kerkgebou - Ds. Theuns Henn

Deurkollekte: Dickey Webbfonds

Eredienste Sondag 12 Augustus 2018

09:00 Erediens Hangklip
09:30 Erediens Kerkgebou

Deuroffer: Plaaslike Onderwysfonds

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. .

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Veral aan Mariaan Hattingh: BB3 (☎9939),
Ettienne Gouws: BB5 (☎9689),
Lida Fourie: Bb1, Elma Hagen: Bb2 (☎5503),
Frikkie von Wiellich: Bb2, Thys Smuts: Bb4,
May Neethling: Bb4, Johan Els: Sa1,
Gerda le Roux: Sa3 (☎3254), Julian Luyt: Sb1,
Maria Human: Sc4, Chris Grobler :PB3 (☎8783),
Japie Truter: KB1 (☎3063) en Riti Turner KB1 (☎4917).

.. **EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .**

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons die lidmate wat vandag verjaar, gelukwens:

Anita du Toit (HK1), Alet Fourie (Sc3),
Johanna le Roux (HK3), Henna Meyer (PM3).

DIE WEEK SE AKTIWITEITE

Maandag	17:30 Hangklip hou basaarvergadering
Dinsdag	16:30 Gebedsgroep
	17:30 Kommissie: Finansies vergader
	18:30 Bid vir sendelinge
Donderdag	Kerkkantoor gesluit weens Vrouedag
	16:00 Kooroefening

INTERKERKLIKE GEBEDSGELEENTHEID

Die saambid geleentheid vind weer vandag plaas **om 15:30 in die VG Kerk in Proteadorp.** Kom neem deel daaraan en ondervind die seën van die eenheid van gelowiges oor kerkgrense

GEBESFOKUS

- Die land se politieke situasie maak ons onrustig en is vreemd vir ons kultuur en ons leefwyse. Die geweld en vernietiging van hulpbronne is kommerwekkend. Ons roep tot God om ons deur hierdie fase van ons land se geskiedenis te help en perspektief te behou. Ons bid saam met Paulus uit 11 Kor 1:6+7: "..Hy het my nog elke keer daardeur gehelp. Daarom kan ek julle nou troos wanneer julle swaarkry. Ek kan julle help om aan te hou glo. Wanneer ek God se troos ervaar, deel ek dit ook met julle terwyl julle dapper dieselfde soort lyding ervaar as ek. Natuurlik twyfel ek nie vir 'n oomblik dat julle sal aanhou glo nie… Ek weet dat julle dieselde troos as ek van God ervaar."
- Ons bid vir die welsyn van die hele gemeenskap in Kleinmond.
- Ons is onder die indruk van die broosheid van ons ouerwordende gemeentelede en bid vir hulle onder ons sorg. Ons bid dat die Here versorgers sal opwek wat begrip het vir die effek van die verswakking op hulle en die effek wat die verdwyning van hulle briljantheid en gawes op hulle geliefdes het. Ons bid dat ons gemeente die versorgsingstaak ernstig sal opneem en sal doen wat die Heilige Gees onder ons aandag bring.

FYNBOS VOORSIEN WEER EETGOED

Op Vrydag 10 Augustus kan jy tussen 10:00 en 12:00 pannekoek en vetkoek gaan koop by die kerksaal in Eerstelaan. Die veiligste is om vooraf soggens te bestel by Melanie (028 271 3602).